PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

WYSIGINGSWETSONTWERP OP NASIONALE NAVORSINGSTIGING [B 23 - 2017]
Uitnodiging om openbare voorleggings

Die Portefeuljekomitee op Wetenskap en Tegnologie nooi belangstellende persone en belanghebbers uit om skriftelik kommentaar te lewer op die Wysigingswetsontwerp op die Nasionale Navorsingstigting [B23 – 2017].

Die Wetsontwerp is daarop gerig:

- om die Wet op die Nasionale Navorsingstiging, 1998, te wysig ten einde sekere definisies te verwyder;
- om voorsiening te maak vir die Minister om nasionale beleid te bepaal en sekere definisies in te voeg;
- om voorsiening te maak vir die Minister om nasionale beleidsrigtings te bepaal en beleidsriglyne vir inwerkinstelling uit te reik;
- om die funksies, magte en pligte van die Stigting uit te brei;
- om die Minister te bemagtig om regulasies in te stel wat verband hou met die bepaling van nasionale navorsingsgeriewe;
- om voorsiening te maak vir die onttrekking van die vasstelling of oordrag van 'n nasionale navorsingsgerief;
- om die Minister te bemagtig om 'n navorsingsinstelling te verklaar asook die geregtigheid daarvan om finansiering te ontvang;
- om sekere tekswysigings aan te bring;
- om voorsiening te maak vir die likwidering van die Stigting;
- om sekere ontoepaslike bepalings te verwyder; en
- om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

Navrae en ook skriftelike voorleggings kan gestuur word aan **me Shanaaz Isaacs** en kan gerig word aan die Portefeuljekomitee op Wetenskap en Tegnologie, 3de Verdieping, Ws 3/130, Pleinstraat 90, Kaapstad 8001, of per e-pos gestuur word aan **shisaacs@parliament.gov.za.** Benewens die skriftelike kommentaar, dui asseblief aan of jy daarin belangstel om 'n mondelinge voorlegging aan die Komitee te doen.

Die sluitingsdatum vir voorleggings is 16 Februarie 2018.

Kopieë van die Wetsontwerp is verkrygbaar van **Shanaaz Isaacs** by tel. **021-403 3763**, selnr. **083 709 8536** of **www.parliament.gov.za.**

Uitgereik deur me LM Maseko, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee op Wetenskap en Tegnologie.